# Hoofstuk 8
# 'n Model/Program voorgehou vanuit 'n sintese van die basis-, meta- en praktykteorie om lidmate toe te rus om verandering reg te kan hanteer

## 8.1 Inleiding

***Nota:*** *Hou in hierdie hoofstuk die omskrywing van hanteer (1.8, p. 16) deurentyd in gedagte. Ter wille van gemaklikheid, word dit hier herhaal, naamlik: As 'n persoon nou toegerus word om hetsy intrinsieke of ekstrinsieke veranderinge te hanteer, word met hanteer bedoel dat die persoon 'n positiewe gesindheid sal aanneem en dit tot sy/haar eie voordeel maar ook die voordeel van ander sal benut. Bo alles natuurlik sal benut tot eer van God en uitbreiding van sy Koninkryk op aarde en tot voordeel van die Kerk of gemeente waarvan so persoon lidmaat is. Ekstrinsieke verandering, dit is die bedoeling, moet lidmate nie van die Kerk of gemeente vervreem nie, maar toerusting van lidmate behoort mee te werk dat dit nie sal gebeur nie.*

Die vertrekpunt van die onderhawige studie is die onomstootlike waarheid dat verandering (dit sou inderdaad intrinsieke sowel as ekstrinsieke verandering behels – PF) 'n realiteit is waaraan alle mense en dinge, en daarom ook lidmate van die Kerk en inderdaad die Kerk sélf, onderworpe is. Voorts is daar bo redelike twyfel vasgestel dat nie alle lidmate enige verandering ewe geredelik aanvaar of op dieselfde wyse hanteer nie. Gevolglik gaan hierdie hoofstuk daaraan gewy word om 'n model te formuleer wat gebruik sou kon word wanneer Kerkleiers lidmate wil voorberei en toerus om veral ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied reg te hanteer. Hoewel die hoofklem hier val op ekstrinsieke verandering in die Kerk binne die Suid-Afrikaanse konteks, sal die model hopelik ook toegepas kan word om lidmate vir ekstrinsieke verandering of vernuwing op ander lewensterreine toe te rus, soos byvoorbeeld ekonomiese en/of politieke veranderinge. Besef dat wanneer lidmate voor ekstrinsieke veranderinge te staan kom, dit eintlik logies

meebring dat daar intrinsieke verandering (nuwe denke – PF) by lidmate sal moet plaasvind oor die aspekte wat verander gaan word.

Hoewel die voorgenome model geformuleer gaan word in die besef dat daar wel ander modelle bestaan waarin die saak van verandering en mense se reaksie daarop, hanteer word, hierdie model as hooffokus die toerus en begeleiding van lidmate het, sodat lidmate ekstrinsieke verandering reg sal hanteer. Hoewel dit seker aanvaar kan word dat dit nie sonder meer op alle gemeentes toegepas kon word nie, sal dit nietemin losweg baseer word op 'n gemeentebou-model wat reeds met groot vrug tydens verskeie veranderingsprosesse in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers-gemeente ingespan is.

Die breë doelstelling van die studie is om te bepaal in welke mate gemeentebou in die Kerk en in gemeentes toegepas kan word ten einde lidmate toe te rus om ekstrinsieke veranderinge, asook weerstand daarteen, binne – en moontlik ook buite – die Kerk te kan hanteer. Om dié oorhoofse doelstelling te kan bereik, is die volgende neweskikkende doelwitte geformuleer:

- Die daarstel van Bybelse riglyne vanuit Paulus se briewe aan die Romeine en die Efesiërs wat gemeentebou as instrument kan ondersteun om lidmate vir intrinsieke asook ekstrinsieke verandering toe te rus.
- Die onderneem van 'n eksegetiese studie oor die onderwerp van verandering, tesame met 'n beperkte Openbaringshistoriese studie en 'n oorsig van teologiese werke in dié verband.
- Die onderneem van 'n studie in 'n aanverwante wetenskap, te wete Mensbestuur, rondom veral ekstrinsieke verandering en die hantering daarvan op sekulêre gebied.
- Die bestudering van die resultate van gemeentebou in 'n enkele gemeente waar lidmate wél met die oog op ekstrinsieke veranderinge toegerus is, asook 'n bestudering van die impak daarvan op die lidmate en gemelde gemeente.
- Die formulering van 'n gemeentebou-model wat gemeentes moontlik as riglyn sou kon gebruik om lidmate toe te rus waar

ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied oorweeg, beplan, teweeggebring en deurgevoer word.

Buiten vir die laaste doelwit hierbo vermeld, is hoofstuk 2 tot 7 aan die bereiking van voormelde doelwitte gewy. Die formulering van 'n moontlike gemeentebou-model aan die hand waarvan lidmate op ekstrinsieke Kerklike veranderinge voorberei kan word, sal nou as laaste doelwit aangepak word. Hierdie ekstrinsieke veranderinge sal meestal meebring dat lidmate hulle denke oor bepaalde sake waaraan oor jare gewoond geraak het, sal moet vernuwe (iets van intrinsieke verandering kom hierin na vore _ PF). Die formulering van hierdie model sal onderneem word teen die agtergrond van dít wat in die doelstelling gestel is, soos onder punt 1.3 weergegee, naamlik:

- Hierdie studie het ten doel om te bepaal in welke mate gemeentebou in die Kerk en in gemeentes ingespan kan en moet word om lidmate toe te rus om ekstrinsieke veranderinge asook intrinsieke verandering waar dit nodig sou wees, asook die weerstand daarteen, te kan hanteer. Dit sal gedoen word sodat sodanige veranderinge en die noodsaaklikheid daarvan die regte aandag in die Kerk of gemeente kan ontvang en daar nie meer van ekstrinsieke verandering weggeskram word nie.

In hoofstuk 2 tot 4 is aandag gegee aan die basis-teorie waaruit basiese beginsels saamgevat is (vergelyk hoofstuk 5) vir die daarstel van 'n model om lidmate op en vir verandering voor te berei en toe te rus. In hoofstuk 6 is meta-teoreties inligting bekom vanuit die vakwetenskap Mensbestuur (die eertydse "Menslike Hulpbronne") ten opsigte van hoe ekstrinsieke verandering bestuur moet word en hoe mense wat daardeur geraak word, benader en hanteer moet word. Vir dié doel is ook gekyk na hoe mense op ekstrinsieke verandering reageer en is daar vasgestel dat daar by mense oorwegend vier tipes reaksies is wanneer ekstrinsieke verandering aangepak word. Ook die kwessie van weerstand teen en noodsaak tot ekstrinsieke verandering is uitgelig, wat ook in die voorgenome model verdiskonteer sal word. Daar is ook gekyk na die

noodsaaklikheid om ekstrinsieke verandering reg te bestuur (6.2.5), asook na redes waarom die veranderingsproses soms gekompliseerd is (6.2.6).

Wat presies in Praktiese Teologie onder die begrip “model” verstaan moet word, word vervolgens in ’n volledige bespreking deur Heyns en Pieterse (1994: 36-40) onder die loep geneem. Dit vind aansluiting by Zerfass se model, wat by hierdie studie as vertrekpunt dien. Die nut van ’n model is naamlik daarin gesetel dat dit ’n manier bied om ’n brug tussen die teorie en die praktyk te slaan, of dat dit as instrument kan dien om ’n oorgang van die teorie na die praktyk te bewerkstellig (vgl. Heyns & Pieters, 1994: 36-37).

Die hoofdoel met die model wat vir hierdie studie ontwerp wil word, is daarom om ’n soort bloudruk te bied aan die hand waarvan lidmate vir ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied toegerus kan word. Die gedagte is voorts om Kerkleiers met die opgawe om sodanige ekstrinsieke veranderinge te bestuur, bewus te maak van en voor te berei op konflik wat moontlik as gevolg daarvan mag ontstaan. Daar word gehoop dat só ’n model sal meehelp om lidmate ondanks ingrypende ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied vir die Kerk en hul onderskeie gemeentes te behou. Dit sou kon meewerk dat wat Hendriks (1992: 86) as doel van gemeentebou beskryf, naamlik die verheerliking van God, die kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou asook die in stand hou van die eenheid van die liggaam van Christus, behou kan word en versterk kan word. Gewapen met dié model sal Kerkleiers hopelik oor die nodige insig beskik om enige voorgenome veranderingsproses met groot deernis en begrip dat nie alle lidmate ewe gereed vir ekstrinsieke veranderinge is nie, in hul gemeentes en onder hul lidmate aan te pak.

Alvorens daar egter met die ontwerp van die model begin word, sal daar eers oorsigtelik gekyk word na ’n sintese van al die bevindinge waartoe daar reeds in die voorafgaande hoofstukke geraak is, welke sintese dan as grondslag vir die voorgestelde model sal dien.

Vervolgens sal die model skematies voorgestel word, waarna dit in meer besonderhede uiteengesit en breedvoerig bespreek sal word.

## 8.2 Sintese van basis-, meta- en praktyk-teoretiese bevindinge

### 8.2.1 Eksegetiese studie in hoofstuk 2

**Hoofstuk 2** is gewy aan 'n eksegetiese studie van Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 ten einde vas te stel welke lig dié twee teksverse op die kwessie van verandering (dit geld sowel intrinsieke as ekstrinsieke verandering – PF) kan werp. Uit hierdie ondersoek het dit duidelik geword dat *μεταμορφουσθε* (2.3.2) nie beteken dat gelowiges bloot 'n paar aanpassinkies of verskuiwings dié of daardie kant toe hoef te maak nie, maar dat hulle werklik volledig moet transformeer. Hierbenewens is aangedui dat dié transformasie inderwaarheid 'n dankbaarheidsplig verteenwoordig wat elke Christen vir sy/haar verlossing deur Jesus Christus opgelê word. Voorts is uitgewys dat onverpoosde vernuwing (hiermee word dan intrinsieke verandering bedoel – PF) 'n lewenslange proses vir elke gelowige is wat biddend en onder leiding van die Heilige Gees aangepak moet word.

Ook die Griekse woord *ανακαινώσει* (2.3.3.2) dui daarop dat intrinsieke verandering (of dan "nuut wees") iets is wat onlosmaaklik deel van elke Christen se mondering behoort uit te maak. Dit moet ook die dankbaarheidsreaksie weerspieël op dít wat God deur Christus vir Sy kinders bewerk het. Wat hier ten opsigte van *ανακαινώσει* weergegee is, geld dus ook vir *ἀνανεο* (2.3.3.3). Só word dit uit die studie duidelik dat daar van gelowiges verwag word om uit dankbaarheid intrinsiek te verander, te vernuwe en te omvorm totdat hulle uiteindelik kom tot álles wat hulle in Christus behoort te wees. Hierdie vernuwing geld veral die wyse waarop daar gedink, gepraat en opgetree word, (intrinsieke asook persoonlik ekstrinsiek – PF) sodat elke handeling en elke gesproke woord uiteindelik tot Gods eer en tot hul naaste se voordeel sal strek.

Hoewel dit uitgewys is dat dié intrinsieke verandering waartoe die teksgedeeltes gelowiges oproep, by die innerlike moet begin, is

aangetoon dat dit nie net by die innerlike mag bly nie, maar ook uiterlik moet manifesteer. Só moet dit uit gelowiges se lewens blyk dat hulle God se Wil in alles soek – 'n opgawe wat deurlopend biddend uitgevoer moet word (2.4.2.1).

Daar is verder afdoende aangedui dat dié vernuwing ("verandering" – PF) waarna in Efesiërs 4:23 verwys word (2.5.2.1), elke gelowige se vernuwing na gees, denke, dade en woorde behels. Hierdie *μεταμορφουσθε* kan dus onmoontlik uit die mens sélf kom, maar word deur God onder leiding van die Heilige Gees bewerkstellig. Ondanks die reuse-impak wat dié vernuwing of verandering egter mag hê, is ook aangetoon dat gelowiges daaroor geen keuse het nie.

In die lig van die voorgaande bespreking kan daar vir die huidige gestel word dat dié twee teksgedeeltes getuig van die belangrike plek wat intrinsieke verandering, asook die vermoë om voortdurend te kan vernuwe, in elke gelowige se lewe moet inneem.

### 8.2.2 Gelowiges se eenheidslewe in Christus: hoofstuk 3

Die studie in **hoofstuk 3** het eerstens gefokus op die vraag waarom die gemeentes aan wie die briewe van Romeine en Efesiërs primêr gerig was, die opdrag tot verandering (hier word sowel intrinsieke as ekstrinsieke verandering bedoel – PF) ontvang het. Die studie oor die Romeine-brief (3.2) het onder meer aangetoon dat die gemeentelede, wat bestaan het uit Christene wat aanvanklik sowel van die Jode- as die heidendom afkomstig was, in eenheid met mekaar moes saamleef. Dit het meegebring dat hulle intrinsiek moes verander ten opsigte van hoe hulle voorheen oor mekaar gedink en gevoel het en dat hulle mekaar voortaan as medegelowiges in liefde moes aanvaar en verdra. Deur dié verandering moes hulle in die geloof groei en hul "nuut wees" prakties in die wêreld uitleef. Só sou hul diensbaarheid in die Koninkryk van God ook sterker na vore kom. Wanneer hierdie teksgedeeltes op die moderne lewe van toepassing gemaak word, behels dit dat intrinsieke verandering ook van elke moderne gelowige se dankbaarheidslewe teenoor God en Christus deel moet uitmaak.

Ook die bestudering van Efesiërs 4:23 (3.3) het aangedui dat die vernuwing of verandering (intrinsiek) waartoe daar opgeroep word, deel van 'n gelowige se dankbaarheidslewe behoort te wees. Ingevolge hierdie intrinsieke verandering moet alle gelowiges, ongeag hul herkoms, mekaar in liefde aanvaar en die eenheid in Christus handhaaf en uitbou. Anders gestel: die intrinsieke verandering moes sigbaar word in hoe die gelowiges persoonlik ekstrinsiek verander het en hoe hulle ekstrinsieke verandering hanteer het. 'n Deel van dié vernuwing of dan intrinsieke verandering behels dat daar volledig met ou lewenspraktyke gebreek moet word en dat dít waartoe gelowiges in Christus verlos is, uitgeleef moet word. Die eenheid in Christus en in die diens van Sy Koninkryk en Kerk (en daarmee saam in elke gemeente) moet dus ondanks gelowiges se verskillende etniese groeperinge en uiteenlopende agtergronde gehandhaaf word.

In die kort Openbaringshistoriese studie wat hierna volg en waarin die impak van ekstrinsieke verandering op bepaalde Bybelse figure ondersoek is, het dit duidelik na vore gekom dat individue uiters verskillend op sodanige veranderinge, of dan selfs op die oproep tot verandering (sowel intrinsiek as ekstrinsiek verandering word bedoel), reageer (3.5.1 tot 3.5.6). Mense soos Josef (seun van die aartsvader Jakob) en Paulus het oënskynlik maklik by ekstrinsieke veranderinge waarvoor hulle te staan gekom het, aangepas, terwyl iemand soos Jona weer end-uit teësinnig gebly het ten opsigte van die opdrag wat hy van God ontvang het. Mense soos Moses en Petrus moes op húl beurt eers oorreed word om tot die ekstrinsieke verandering waarvoor hulle te staan gekom het in te stem. Dit het meegebring dat hulle eers na behore intrinsiek moes verander. Die één ding wat egter soos 'n goue draad deur ál hierdie Bybelse figure se reaksie op verandering (hetsy intrinsiek en /of ekstrinsiek – PF) loop, is die eindelose geduld wat God openbaar teenoor dié geroepenes wat moeilik verander het, selfs al is nie een van hulle ooit kwytgeskeld van die verwagting en vereiste om intrinsiek te verander rondom ekstrinsieke verandering waarvoor hulle te staan gekom het nie.

Ironies genoeg is dit skreiend waar dat ál die geroepenes, soos Josef (3.5.1), Moses (3.5.2), Petrus (3.5.5) en Paulus (3.5.6), ten spyte van hul kleingelowigheid en persoonlike vertwyfelinge déëglik toegerus is vir elke opdrag wat hulle opgelê is, sodat hulle in gehoorsaamheid aan en tot eer van God kón vernuwe. Selfs die volk Israel (3.5.4) is deurlopend daarop gewys dat verandering (hier intrinsiek sowel as ekstrinsiek bedoel – PF) noodsaaklik is, en ook op verskillende maniere daartoe gebring. En tóg was dit juis die Jode wat immer weerstand gebied het teen die intrinsieke veranderinge wat persoonlik ekstrinsiek sigbaar moes word onder andere ten opsigte van ekstrinsieke veranderinge waaraan hulle blootgestel was, waartoe Jesus (3.5.7) die mensdom kom oproep en verlos het. Jesus was dan ook, soos verder uit afdeling 3.5.7 blyk, die enigste Agent vir intrinsieke verandering wat logies in persoonlik ekstrinsieke verandering sigbaar moes word, wat in volle gehoorsaamheid aan God Sy roeping hier op aarde kom volbring het.

Verandering (intrinsiek asook persoonlik ekstrinsiek), soos in hoofstuk 3 blootgelê, is dus 'n proses wat regdeur elke gelowige se lewe die nodige aandag moet geniet, in weerwil van die impak wat dit op sy/haar lewe mag hê of die weerstand wat dit by hom/haar mag ontlok. Dit verklaar dan ook waarom gelowiges se toerusting tot verandering en vernuwing so 'n uiters belangrike aspek van Kerkleiers se taak en Godgegewe opdrag uitmaak – 'n taak wat met deernis en begrip dat nie almal ewe gereed vir ekstrinsieke verandering is, aangepak moet word.

### 8.2.3 Die bestudering van teologiese werke in hoofstuk 4

Die bestudering van teologiese werke op 'n breë vlak, soos in **hoofstuk 4** aangepak, het 'n aantal aspekte na vore gebring wat by die implementering van ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied in gedagte gehou moet word. Hierdie aspekte het 'n regstreekse invloed op die wyse waarop lidmate met die oog op die regte hantering van ekstrinsieke verandering toegerus behoort te word.

- Verandering behoort naamlik met omsigtigheid benader te word (4.2). Hieronder resorteer dat die nodige aandag aan bestaande

tradisies geskenk behoort te word, en dat daar nie bloot na willekeur verander behoort te word nie. Daarby is dit belangrik dat verandering op Kerklike gebied Bybels verantwoord en begrond moet kan word en wees. Verder is geduld en begrip nodig, veral omdat ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied nie noodwendig maklik is nie en daar nie eenvoudige formules vir sodanige verandering bestaan nie. Waar en wanneer ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied aangebring word, moet verseker word dat die Kerk steeds sy Godgegewe taak in die wêreld kan nakom. Ekstrinsieke veranderinge op dié gebied durf daarom nie bloot in navolging van die een of ander modegier plaas te vind nie. 'n Laaste aangeleentheid wat hier tot deursigtigheid maan, is die feit dat daar altyd lidmate is en sal wees wat enige ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied met 'n kritiese ingesteldheid bejeën. Diégene moet deur toerusting tot begrip vir en rustigheid oor die voorgenome ekstrinsieke veranderinge begelei word. Anders gestel: die lidmate moet met geduld gehelp word om hulle denke oor sake wat deur die veranderingsproses geraak gaan word, te verander.

- 'n Volgende aspek wat aan die orde gekom het, is die noodsaak tot veral ekstrinsieke verandering (4.3), maar tog ook wel intrinsieke verandering van lidmate. Dié noodsaak, so is aangedui, word aangedryf deur verskillende redes, naamlik die eise van die tyd; die immer veranderende wêreld waarin die Kerk Kérk moet wees en bly; verskillende demografiese veranderinge en die feit dat die Kerk deurentyd gesuiwer behoort te word. Daarby vereis die rol wat die Kerk in die samelewing behoort te speel ten opsigte van onder meer die nood in die wêreld ook dat die Kerk gedurigdeur ekstrinsieke sal verander wat betref die wyse waarop dit by die breë samelewing betrokke gaan wees. Ekstrinsieke veranderinge en wyses waarop die Kerk dienswerk lewer is ook noodsaaklik indien die Kerk hom nie in 'n immer veranderende wêreld wil vervreem nie. 'n Verdere belangrike aspek wat die nooddruf tot ekstrinsieke verandering aanwakker, is die wyse waarop lidmate sélf die Kerk

beskou. Leierskap in die Kerk kan ook nie meer funksioneer soos dit vir dekades dalk kon nie, bloot omdat die tegnologie maak dat lidmate meer ingelig is oor wat in en met die Kerk aan die gebeur is. Nog 'n belangrike rede vir voortgesette ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied is die feit dat ekstrinsieke verandering nuwe visie skep en groter doelgerigtheid kan meebring. As deel van die motivering tot ekstrinsieke verandering is dit dus belangrik dat die Kerk homself deurlopend sal afvra of hy is waar hy veronderstel is om te wees, 'n vraag wat altoos teen die agtergrond van die Skrif geëvalueer moet word.

- Vervolgens is verskeie programme aangetoon wat vir die proses van gemeentebou voorgehou word (4.4). Dié programme sal meehelp wanneer daar met hierdie hoofstuk 'n model ter toerusting van lidmate met die oog op ekstrinsieke verandering voorgehou word.
- Die hele problematiek rondom weerstand teen ekstrinsieke verandering is ook nagevors (4.5). Aspekte wat in dié navorsing na vore gekom het, is onder meer die probleem dat lidmate baie dikwels in 'n gemaksone verval. Enige verandering op Kerklike gebied verg dus van hulle om bepaalde waardes, wat moontlik lank reeds by hulle ingeburger is, oorboord te gooi. Daarby word nuwe strategieë in werking gestel wat vir hulle vreemd mag voorkom. Weerstand teen sodanige verandering kan en mag egter nie geïgnoreer word nie en moet na behore bestuur word deur die predikante en/of leiers wat vir die veranderingsproses verantwoordelikheid aanvaar. Juis hierdie moontlikheid op weerstand maak dat toerusting van en leiding aan lidmate om ekstrinsieke verandering reg te hanteer, so belangrik is. Vrees vir die onbekende kan ook weerstand teen ekstrinsieke verandering tot gevolg hê. Iets wat ook in gemelde afdeling uitgewys is, is die feit dat sommige gevalle van weerstand ironies genoeg ontstaan by daardie lidmate wat meen dat hul medelidmate nie vinnig genoeg wil verander nie. Kerkleiers moet daarom ook op dié rede vir weerstand bedag wees.

### 8.2.4 Basis-teoretiese grondbeginsels uit hoofstuk 2 tot 4 neergelê

In **hoofstuk 5** is basis-teoretiese grondbeginsels soos volg vanuit die basis-teoriestudie in hoofstuk 2 tot 4 neergelê:

- Verandering soos dit Bybels gesien word, behels 'n volledige metamorfose onder leiding van die Heilige Gees, sodat die gelowige meer en meer aan die beeld van God gelyk en meer en meer in die wêreld diensbaar sal word.
- 'n Belangrike onderdeel van gemelde metamorfose behels dat die gelowige sy/haar denke sal verander. Die ou, sondige manier van dink moet afgelê word, sodat nuwe denkpatrone gevestig kan word en 'n gedagtewêreld wat by 'n verloste pas, tot stand kan kom.
- Enige ekstrinsieke verandering wat op Kerklike gebied aangepak word, moet in die eerste plek Bybels begrond wees. Dít verg egter op sy beurt volle gehoorsaamheid aan God se Woord en Wil, asook dat die voorgenome verandering met liefde, geduld en deernis aangepak word.
- Die noodsaak waarom daar ekstrinsieke veranderinge gemaak gaan word, moet vooraf aan al die betrokke lidmate bekend gemaak word. Dié noodsaak moet ook meehelp dat God met groter dringendheid en ontsag gedien word en dat die gemeente en gemeenskap die voordeel daarvan moet ervaar.
- Hoewel weerstand teen ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied altyd in hetsy mindere of meerdere mate onder lidmate aangetref sal word, mag dié weerstand nie die noodsaak tot ekstrinsieke verandering verhinder nie.
- Verandering (veral intrinsiek, maar dan verder ekstrinsiek verandering en aanvaarding daarvan) op Kerklike gebied is en bly egter die uitsluitlike domein van die Heilige Gees, met die gevolg dat geen mate van druk op lidmate sulke veranderinge noodwendig sal "aanhelp" nie. Kerkleiers se eie geloofsoortuiging, gehoorsaamheid aan God se opdragte en die geduldige toerusting van die lidmate in hul sorg bly derhalwe die enigste stukke "borswering" waarop hulle hulle in dié taai stryd kan beroep.

- In die toerus van lidmate rondom sulke veranderinge moet dit vir almal duidelik wees dat die veranderinge ten doel het om die lidmate én die Kerk daarin by te staan om hul Bybelse opdrag en roeping meer doelgerig tot eer van God en tot uitbreiding van Sy Koninkryk op aarde uit te leef.
- Wanneer 'n ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied egter aangepak word, moet daar met die grootste omsigtigheid met bestaande tradisies omgegaan word. Kerkleiers moet ook daarop bedag wees om nie maar bloot met ou tradisies weg te doen sonder om nuwe, Bybel-begronde tradisies in die plek daarvan te stel nie.

### 8.2.5 Die metateorie in hoofstuk 6

Die metateorie is in **hoofstuk 6** te berde gebring. Die volgende bevindinge kan vanuit dié studie gemaak word:

- Ekstrinsieke verandering is nie 'n proses wat bloot met die druk van 'n knoppie sommer van die een dag na die volgende deurgevoer kan word nie, maar is 'n proses wat met goeie leierskap hanteer en deurgesien moet word (6.2.1).
- Daar is duidelik aangetoon dat ekstrinsieke verandering heel dikwels noodsaaklik is, aangesien organisasies diens moet lewer in 'n wêreld wat sélf onverpoosd aan die verander is (6.2.2).
- Aangesien nie alle mense ekstrinsieke verandering ewe maklik aanvaar nie en selfs weerstandig teenoor ekstrinsieke verandering staan, is dit nodig dat enige proses van verandering deur deeglike voorbereiding voorafgegaan word (6.2.3). Hierdie voorbereiding het ten doel om mense onder meer te laat verstaan waarom die ekstrinsieke verandering nodig is, om hulle die vaardighede aan te leer om die ekstrinsieke verandering reg te hanteer en te gebruik en om by hulle die regte gesindheid (vernuwing van denke – PF) jeens die verandering te kweek.
- Verandering (hetsy ekstrinsieke of intrinsiek) is 'n werklikheid wat nou eenmaal nie weggewens of geïgnoreer kan word nie, met die gevolg dat organisasies ook moet bly verander ten einde hul relevansie te verseker (6.2.4). Verandering (lees: konstante

vernuwing) behoort na regte 'n vaste punt op elke organisasie se agenda te wees.

- Enige ekstrinsieke verandering, van die oorweging tot die deurvoer daarvan, moet deeglik bestuur word – iets waarmee daar slegs sukses behaal kan word mits almal wat deur die verandering geraak word, deeglik by die proses betrek en deurentyd daarin geken word (6.2.5).
- Faktore wat 'n ekstrinsieke verandering of 'n veranderingsproses negatief kan beïnvloed, moet deeglik verreken word. So nie, kan dit groot probleme en terugslae vir die proses tot gevolg hê (6.2.6).
- Weerstand teen ekstrinsieke verandering is 'n gegewe wat in geen veranderings-proses misken of geïgnoreer mag word nie (6.2.7). Mense moet daarom toegerus word om te verstaan waarom die ekstrinsieke verandering nodig is en om enige struikelblokke op die pad na sodanige verandering uit die weg te kan ruim. Daar moet ook immer in gedagte gehou word dat almal nie op dieselfde tydstip gereed sal wees om 'n verandering (ekstrinsieke bedoel) op Kerklike gebied van stapel te stuur nie.
- Danksy ervaring wat by verskeie organisasies rondom die kwessie van ekstrinsieke verandering opgedoen is, is dit duidelik dat énige ekstrinsieke verandering wel 'n impak op mense het, en dat dít in berekening gebring moet word wanneer ekstrinsieke verandering aangepak en deurgevoer wil word (vergelyk 6.2.1).

### 8.2.6 Bevindinge uit hoofstuk 7 se praktykteorie

**Hoofstuk 7** is daaraan gewy om die praktykteorie, wat aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers geformuleer is, se bevindinge uiteen te sit. Die vraelys is opgestel sodat die basiese grondbeginsels, soos vanuit die basis-teorie en die bevindinge van die metateorie geformuleer, prakties getoets kon word. Die volgende bevindinge kan hier uitgelig word:

- Ekstrinsieke Verandering op Kerklike gebied het áltyd 'n impak op lidmate, hoewel nie al die lidmate dié impak noodwendig in dieselfde mate sal ervaar of beleef nie. Voorts is daar vasgestel dat die impak van ekstrinsieke veranderinge op Kerklike, politieke

en ekonomiese gebied elke lidmaat op verskillende wyse raak en beïnvloed (7.6.2).

- Hoewel daar met behulp van die gevallestudie onder die lidmate van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers aangetoon is dat weerstand laag is (4.3%, teenoor die gemiddelde 16%), is daar nietemin aangedui dat weerstand ook hier 'n realiteit is en dat dit reg aangespreek moet word alvorens 'n ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied die gemeente, en daarom die eer van God en sy koninkryk, tot voordeel sal strek. Hoewel verskillend, het weerstand ten opsigte van ekstrinsieke verandering op politieke en ekonomiese gebied ook by hierdie lidmate weerstand ontlok (7.6.3).
- Uit die empiriese studie het dit egter geblyk dat lidmate toegerus wíl word en daarom voorbereid wíl wees op enige ekstrinsieke verandering waaraan hulle blootgestel mag word (7.6.4).
- Hoewel die respondente begrip toon vir die feit dat verandering 'n proses is wat aan die hand van duidelik omskrewe doelwitte moet ontvou, het hulle tóg die versugting uitgespreek dat ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied ook ná die beplanningsfase steeds behoorlik bestuur moet word (7.6.4).
- Respondente het sterk aanduiding gegee dat ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied Bybels begrond moet wees (7.6.5). Selfs waar noodsaak tot ekstrinsieke verandering aangedui is, word daar uit die empiriese studie afgelei dat dit Bybel-begrond en -gemotiveer moet wees.
- Tydens die proses van verandering moet die vrees vir die onbekende aangespreek en alles in werking gestel word om te voorkom dat lidmate in onsekerheid vasval (7.6.6). Dit sal ook meewerk dat daar nie weerstand teen die beplande verandering opbou nie.
- Alvorens die veranderingsproses van stapel gestuur word, moet die noodsaak waarom en waartoe daar ekstrinsiek verander word, by al die betrokkenes ingeprent word. Bybelse begronding van die

noodsaak, soos onder meer in Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 uitgewys, moet aan lidmate verduidelik en uiteengesit word (7.6.7).

- Daar moet ten alle koste vermy word dat lidmate onder dwang geplaas word om ekstrinsieke verandering te aanvaar (intrinsieke verandering om meer en meer die beeld van Christus gelyk te word, word hier nie ingesluit nie – PF). Om te voorkom dat daar by hulle 'n gevoel posvat dat hulle tot ekstrinsieke verandering genoop word, moet die rede vir en die proses van verandering behoorlik aan hulle verduidelik word. Sinvolle toerusting met die oog op ekstrinsieke verandering durf gevolglik nie onderskat word nie (7.6.8).


## 8.3 Samevatting

Vervolgens is afdeling 8.2.1 tot en met 8.2.6 gewy aan 'n paar kernkonsepte wat nou belig sal word. Woorde wat hier as sleutelbegrippe dien, sal deurgaans in vetdruk beklemtoon word. Daar is naamlik aangetoon dat nie alle persone (lees: lidmate van 'n gemeente – PF) ewe **gemaklik** met ekstrinsieke verandering is nie en dat dit by sommige mense selfs sterk **weerstand** kan uitlok. Juis daarom moet daar met die nodige **omsigtigheid** te werk gegaan word in die aanloop tot en by die implementering van verandering. Só moet daar in ag geneem word dat ekstrinsieke verandering áltyd 'n bepaalde **impak**, hetsy klein of groot, op lidmate sal hê. Hierbenewens is aangetoon dat enige ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied **Bybels begrond** moet wees en só in gehoorsaamheid aan God deurgevoer moet word. Hierdie maatstaf help voorkom dat daar met 'n bepaalde verandering bloot aan menslike giere of geite toegegee word. Tog mag die **noodsaak** tot verandering nie onderskat word nie, maar moet dit steeds vanuit die Bybel aangetoon en daarin begrond word. Ten slotte is aangetoon dat die veranderingsproses gemaklik verloop en dat lidmate hulle geredelik daarby skaar mits hulle **toegerus** word om die verandering te verstaan en te aanvaar en dit te kan bestuur.

## 8.4 Die voorgestelde model/program

Die bespreking van die model/program sal vervolgens deur 'n skematiese voorstelling daarvan voorafgegaan word. Tydens die bespreking van die model/program sal daar gefokus word op dié hoofpunte wat in die sintese hierbo uitgelig is, asook op daardie aspekte wat aandag verg wanneer lidmate vir ekstrinsieke verandering toegerus word.

Die volgende twee figure (aangedui as figuur 8.1 hieronder en 8.2 op die volgende bladsy) gee uitdrukking aan presies wat beoog word met die toerus van lidmate om ekstrinsieke verandering reg te verstaan en te hanteer. Lidmate moet naamlik só toegerus word dat hulle van gefrustreerde mense as gevolg van al die ekstrinsieke veranderinge waaraan hulle blootgestel maar waaroor hulle geen beheer het nie, begelei word tot rustige lidmate wat ekstrinsieke veranderinge nie alleen aanvaar nie, maar dit gemaklik hanteer.





**Figuur 8.1: Blootgestelde, nie-toegeruste lidmaat – verandering frustreer!**

Dié figuur is op 3 Oktober 2009 by die volgende webwerf bekom: www.testimonials.epromos.com/manyelling-frustrated.

Die skets hierbo illustreer maar té duidelik die persoon se frustrasie vanweë al die ekstrinsieke veranderinge wat hom van alle kante aandoen. Anders gestel: 'n mens sou sonder baie moeite kon stel dat

hierdie arme man nié die nodige toerusting ontvang het om al die ekstrinsieke veranderinge in sy lewe te hanteer nie! Indien hierdie skets 'n lidmaat sou uitbeeld wat hom by die een of ander ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied probeer aanpas, sou mens met veiligheid kon aanvaar dat hy gewis nie vanuit 'n Bybelse begronding tot die betrokke ekstrinsieke verandering oorgehaal of toegerus is nie en nog minder van die noodsaak daarvan oortuig is. Nog anders uitgedruk: die persoon is nie toegerus om sy denke te vernuwe nie.

Die hoofdoel van die model/program is dan ook om lidmate op ekstrinsieke verandering voor te berei en daarvoor toe te rus, sodat hulle nie in dié soort web van frustrasie vasgevang word nie. Lidmate sal hopelik aan die hand van die model/program touwys gemaak kan word oor hoe om die veranderingsproses van binne te reguleer (intrinsiek te verander en aan te pas – PF), sodat hulle nie voel hulle word magteloos in die greep van die een of ander proses meegesleur nie.




**Figuur 8.2: Toegeruste lidmaat – verandering onder beheer!**

Dié figuur is op 3 Oktober 2009 by die volgende webwerf bekom: www.ombudsman.on.ca/media/29076/relief.jpg.

Anders as die persoon in figuur 8.1 kom die man in figuur 8.2 steeds rustig en kalm voor, selfs al is hy aan dieselfde woelinge as die vorige persoon blootgestel. Daar word dan ook gehoop dat lidmate wat aan die hand van die voorgestelde model/program toegerus is, dieselfde kalmte en rustigheid sal uitstraal, selfs te midde van ingrypende ekstrinsieke veranderinge in hul leefwêreld en in hul Kerk.

Hierdie model/program vir die toerus van lidmate word egter geformuleer vanuit die uitdruklike veronderstelling dat, soos reeds in 6.2.5 uitgewys, daar nóg 'n eenvoudige nóg 'n vaste formule bestaan aan die hand waarvan alle organisasies 'n veranderingsproses kan aanpak. Ondersoeke na vele aspekte, soos reeds uitgewys, moet naamlik eers onderneem word, aangesien stereotipering uiters gevaarlik kan wees wanneer dit op verandering (hetsy intrinsiek of dan ekstrinsiek waarop hier gefokus word) aankom.

### 8.4.1 Skematiese voorstelling

Vervolgens word 'n eenvoudige skematiese voorstelling voorgehou van wat die voorgestelde model/program in breë trekke behels, waarna elke onderdeel in nader besonderhede bespreek sal word.

| **Afgebakende aksies** | **Deurlopende aksies** |
|---|---|
| Wie verantwoordelik is | |
| Wat verander word | Kontrole |
| Noodsaak uitwys | Kommunikasie |
| Bybelse begronding | Toets gemaklikheid |
| Toerusting | |

**Verduidelikende nota:**

Wanneer 'n gemeente met 'n program van gemeentebou besig is, kan ekstrinsieke veranderinge noodwendig daaruit voortvloei. Die gedagte met die studie en model is dat as deel van die gemeentebouprogram, lidmate deurlopend toegerus moet word en bly om die ekstrinsieke veranderinge reg te hanteer en benader. Vir die doel van toerus van die lidmate behoort al agt genoemde aksies in gedagte gehou te word. Die persone/leiers wat primêr

verantwoordelik is vir die gemeentebouprogram, behoort toe te sien dat die ander sewe aksies in die toerusting die regte aandag sal kry. Die onderskeiding tussen **afgebakende aksies** en **deurlopende aksies** is dalk bloot tegnies, maar word as volg bedoel. In die proses van gemeentebou, kan wie daarvoor verantwoordelik is, wat verander word, die noodsaak waarom verander word, die Bybelse begronding asook waartoe en waarvoor toegerus moet word, van tyd tot tyd en aksie tot aksie verskil. Ongeag van tyd en omstandighede, is dit belangrik dat behoorlike kontrole van die gemeentebouproses, waarvan toerus van lidmate vir die veranderinge deel word, altyd in plek te wees. Dit geld die saak van kommunikasie oor die veranderingsproses as deel van die gemeentebou asook die seker maak dat lidmate gemaklik is. Die "gemaklik" wees van lidmate gaan daaroor dat hulle verstaan waaroor en waarheen alles lei, want hulle word immers direk daardeur geraak. Hier moet wat Van der Spuy, *et al.* (2006: 91), en Niemandt (2007: 58) aangedui het, in gedagte gehou word naamlik dat tot 16% van 'n groep sterk weerstand teen ekstrinsieke verandering duidelik wys, terwyl tot 82% (wat die 16% insluit) een of ander vorm van weerstand teen ekstrinsieke verandering voel. Slegs 16% van 'n groep is dadelik gereed vir ekstrinsieke verandering.

### 8.4.2 Wie vir lidmate se toerusting verantwoordelik is

Hier moet vooraf gestel word dat toerusting soos hieronder uitgewys sal word, wyer strek as bloot toerus van lidmate om veranderinge en tye waarin verander word, reg te hanteer. Dit word eerder deur hierdie studie uitgewys dat toerus om ekstrinsieke verandering reg te hanteer, deel van die toerusting word.

In die lig van die feit dat Fanoy (2002: 37) se definisie van die begrip "gemeentebou" as vertrekpunt vir die onderhawige studie gebruik is, moet diegene wat in die definisie aangedui is as synde verantwoordelik vir lidmate se toerusting ook in die voorgestelde model/program waar dit in hoofsaak handel rondom toerus van lidmate om, as hoofklem ekstrinsieke veranderinge, reg te hanteer, neerslag vind. In Fanoy se

definisie word daar voorts verwys na diégene as "toegeruste gawes", wat natuurlik heenwys na die amp, pligte, verantwoordelikhede, opdragte en spesiale roeping van predikante, ouderlinge en diakens. (Daar moet egter hier opgelet word dat hoewel laasgenoemde ampsname vir die Gereformeerde kerke geld, die verwysing na "toegeruste gawes" geensins ander ampsdraers van ander denominasies uitsluit wat vir die toerusting van lidmate verantwoordelik is nie – PF.) Aangesien predikante of pastore egter op Bybelse vlak die toegeruste of opgeleide persone is, lê die eerste en grootste verantwoordelikheid tot toerusting by hulle. Hierdie groep se verantwoordelikheid eindig egter nie met die toerusting van lidmate nie, maar oorspan ook die oorhoofse taak om ouderlinge, diakens en ander leiers toe te rus om met die toerusting van lidmate behulpsaam te wees.

Anderson (1990: 187) wys in sy studie daarop dat Kerkleiers gemoeid met die toerustings- en veranderingsproses oor die vermoë behoort te beskik om nie alleen die pád aan te wys waarop lidmate moet stap nie, maar ook om op dié pad vóór te kan loop. Dié vaardigheid is egter iets wat predikante en pastore tydens hul studiejare sal moet aanleer. Hier word dus van predikante en pastore verwag om nie bloot konsensus te implementeer nie, maar om werklik aan die voorpos leiding te neem (Anderson, 1990: 188). Anderson verwys in dié verband na koning Josia, wat hierin as rolmodel nagevolg kan word. Daarby is dit belangrik om in gedagte te hou wat deur Kouzes en Posner (1998: 149) uitgewys is, naamlik dat goeie leiers ook tydens die veranderingsproses van hul minder suksesvolle eweknieë onderskei word daarin dat hulle mense is wat wérklik omgee vir dié wat hulle voorgaan en lei.

Na analogie van Moses se lewensverhaal maan George (2001: 120) op sy beurt dat predikante wél die leiding moet neem, maar verseker nie alles sélf moet probeer doen nie. Die predikant behoort by uitstek as *primus inter pares* ("voorloper onder gelykes") op te tree. Daarom behoort hy daarop ingestel te wees om persone met gawes toe te rus om op hul beurt sáám met hom die taak van toerusting te behartig. Hierdie toerusting handel volgens George oor voorbereiding op die

toekoms, en daarom raak dit die saak van verandering (in al sy fasette – PF) sekerlik ook. George (2001: 121) is die mening toegedaan dat kleingroepe (gemeentes wat nog sterk op die wykstelsel steun, sal wyke goedskiks kan gebuik – PF) in hul regte funksionering ideaal aangewend kan word om mense vir hul onderskeie take in die Kerk toe te rus, maar dat hulle daarom ook gebruik kan word om lidmate op tye van ekstrinsieke verandering voor te berei. Vir dié doel sal predikante die leiers wat vir die kleingroepe verantwoordelik is, na behore moet toerus om op hul beurt die lede van die kleingroepe voor te berei.

Saam met die predikant sal die ouderlinge en diakens as geroepe dienaars van God die verantwoordelikheid moet aanvaar om die lidmate toe te rus. Dié toerusting deur die "gawes", soos in Efesiërs 4:11 vermeld, behels dat lidmate só toegerus sal word dat hulle uiteindelik as geestelik volwasse lidmate ín en tot voordeel van die Kerk kan funksioneer. Vir dié doel moet predikante die ouderlinge en diakens toerus, sodat hulle op hul beurt hul rol alhier kan vervul. 'n Deel van die ouderlinge en diakens se taak sal behels dat hulle seker sal maak dat hul toerusting al die lidmate raak en bevoordeel. Iets wat hier ter inspirasie en illustrasie kan dien, is die feit dat die gemeentelede van Efese ook daarin begelei moes word om hulself na gees en denke te vernuwe (Efesiërs 4:23 – vgl. voorts afdeling 2.3.3.3, 2.3.4 en 2.5).

Buiten vir die Kerkleiers, ouderlinge en diakens kan opgeleide konsultante (dink byvoorbeeld aan deskundiges in die Mensbestuur-veld) egter ook met groot vrug ter fasilitering van die toerustings-proses aangewend word. Sulke deskundiges sal in 'n hoë mate kan meewerk om lidmate toe te rus in dié sin dat hulle sal kan uitwys waarop daar gefokus moet word, wat liefs vermy moet word, hoe lidmate benader moet word en watter slaggate vermy moet word ten einde die proses van verandering vlotter te laat verloop.

Hoewel die primêre taak vir toerusting in die "gawes" setel wat die Here sélf aan sy Kerk skenk, kan 'n diensgroep of kommissie saamgestel word om die hele proses van verandering te lei of te

bestuur. Die samestelling van hierdie groep of kommissie moet wel só geskied dat soveel kundigheid moontlik betrek word. Aan die ander kant mag daar nie gehuiwer word om mense wat teen die voorgenome ekstrinsieke verandering gekant is, te betrek nie. Laasgenoemdes kan juis daartoe meewerk dat daar deeglik oor die ekstrinsieke verandering besin sal word en dat die verandering uiteindelik weldeurdag sal wees. Hierbenewens is dit ook noodsaaklik dat sodanige diensgroep of kommissie sélf deeglik vir die taak ophande toegerus word, sodat hul lede dit tot eer van God, tot voordeel van God se koninkryk op aarde en in belang van die Kerk sal aanpak. Tydens dié toerusting moet hulle grondige begrip kry vir die rede(s) waarom die ekstrinsieke verandering noodsaaklik geag word en moet hulle self deurlopend Bybels kan verantwoord waarom hulle doen wat hulle doen.

### 8.4.3 Waaruit die toerusting sal bestaan

Onder hierdie afdeling sal bepaalde kwessies wat in die basis- en metateorie uitgewys en in die empiriese studie getoets is, aangespreek word. Dit sal handel oor die noodsaak tot ekstrinsieke verandering, die Bybelse begronding vir ekstrinsieke verandering en oor dít wat ekstrinsiek verander gaan word. Elkeen van hierdie aspekte sal vervolgens toegelig word. Tesame met dié aspekte sal daar ook ondersoek ingestel word na wié (watter lidmate) toegerus moet word. Hou hier in gedagte dat hierdie toerus wat hier bespreek word toegespits is op toerusting van lidmate om ekstrinsieke veranderinge reg te hanteer en daarom slegs 'n gedeelte van die volle toerusting wat Fanoy (2002) met sy gestelde definisie in die oog het.

#### 8.4.3.1 Noodsaak tot verandering

Daar is basis- en meta-teoreties bepaal dat ekstrinsieke veranderinge, ook op Kerklike gebied, noodsaaklik is (vergelyk 4.3 en 6.2.2 – waarop onderstaande lys gebaseer is). Hierdie noodsaak, so is aangedui, word deur onder meer die volgende sake aangedryf:

- Demografiese veranderinge.
- Die nood van die gemeenskap, wat aangespreek behoort te word.

- Veranderinge wat op plaaslike gemeentevlak ingetree het.
- Die wêreld wat aan die verander is, maak dat die Kerk die veranderinge nie kan ignoreer nie – dit is as die Kerk werklik sinvol waarde in die wêreld wil bly toevoeg.
- Die politieke veranderinge in Suid-Afrika vra ook 'n herbesinning van die Kerk oor die nuwe rol wat hy te speel het.
- Die gedagte dat die Kerk en sy lidmate as't ware "laer getrek het" en van die samelewing vervreemd geraak het, noodsaak ekstrinsieke verandering.
- Die hiërargiese stelsels waaraan die Kerk soms gekenmerk word, regverdig 'n herbesinning en, daarmee saam, lidmate se gevoel dat slegs die plaaslike kerk van belang is en dat hulle geen erg aan meerdere of hoëre vergaderings en dié se besluite het nie.
- Die tegnologiese ontwikkeling lê nuwe uitdagings voor die Kerk se deur, wat dringend aandag behoort te kry en benut moet word sodat dit ook tot voordeel van die Kerk ingespan kan word.
- Daar moet seker gemaak word dat bedieningspatrone nog doeltreffend is en waar dit nie meer is nie, moet ekstrinsieke veranderinge aangebring word. Hier kan gekyk word na wat Easum (2007: 209-211) uitwys, naamlik dat daar na alle waarskynlikheid 'n verskeidenheid eerder as een enkele bedieningspatroon vir die Kerk van die 21$^{ste}$ eeu bestaan. Daarmee saam moet gehoor word wat Niemandt (2007: 47-62) en Joubert (2006: 979-84) sê oor hoe die Kerk opnuut sal moet besin oor sy wyse van bediening en hoe lidmate daarop voorberei moet word.
- Die wye verskeidenheid take en funksies wat in die Kerk nodig geword het, noodsaak ook 'n verandering in denke – dus intrinsieke verandering wat weer kulmineer in die nodige ekstrinsieke veranderinge.
- Bybelse opdragte soos in Romeine 12:1-2 en Efesiërs 4:22-24 aangetref, verleen nuwe impetus aan die behoefte om intrinsiek (wyse van dink veral – PF) asook ekstrinsiek te verander.

- Indien die Kerk in die samelewing wil oorleef, moet dit voortdurend aanpas en relevant bly.

Die spilpunt van die Kerk se opdrag om byna meedoënloos te bly vernuwe en ekstrinsiek te verander, setel in die feit dat die Kerk doeltreffend in die wêreld van vandag die mense van vandag moet kan bedien, en dít met die gedagte om waarde toe te voeg. Hierdie proses van waarde-toevoeging is egter nie iets wat slegs na binne moet ontplooi nie, maar moet ook na buite uitkring. Op dié manier moet die Kerk en sy gemeentes Christus se Lig in die wêreld uitstraal en wees om so effektief diensbaar in God se koninkryk te bly.

'n Goed begronde noodsaak tot ekstrinsieke verandering sal egter voorkom dat ekstrinsieke verandering bloot ter wille van verandering plaasvind. Elke verandering op Kerklike gebied moet immers deeglik uit die Skrif begrond en gemotiveer word. Slegs dán kan daar in volle gehoorsaamheid aan God se opdrag aan en Christus se roeping in die wêreld reg geskied.

8.4.3.2 Bybelse begronding vir verandering

Jesus is ná sy oorwinning oor satan en sy volkome volvoering van die opdrag van ons Hemelse Vader as Koning oor alles en almal aangestel. Hy is dus ook die Hoof van die Kerk, en daarom moet alles wat in die Kerk gebeur, strook met dít wat Hy en sy Vader die Kerk beveel het om te wees en te doen. Die Kerk moet naamlik allereers aan die Woord van God gehoorsaam wees, en dít in alle tydsgewrigte en in alle omstandighede. Enige ekstrinsieke verandering wat deur die Kerk of sy gemeentes in die vooruitsig gestel word, moet om dié rede eers deeglik uit die Bybel begrond word (vgl. 4.2, waarop onderstaande lys gebaseer is). Die noodsaak om ekstrinsiek te verander, durf gevolglik nie afgewater word bloot omdat die vrees bestaan dat lidmate daardeur vervreem sal word nie. Die enigste aanvaarbare beweegrede vir 'n ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied is en bly dus die behoefte om God se Wil te doen, Hom daardeur te verheerlik en sy Evangelie ál beter, ál meer doeltreffend en ál meer suiwer die wêreld in te dra tot voordeel en uitbouing van sy Koninkryk en Kerk op aarde.

Vervolgens 'n opgawe van redes waarom enige ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied eers deeglik uit die Bybel begrond moet word:

- Daar moet omsigtig met bestaande tradisies omgegaan word, aangesien dit waarskynlik ook tydens implementering met Bybelse begronding ingestel is.
- In die Kerk mag die Waarheid van die Skrif nie ingeboet word bloot om by die tydsgees of omstandighede te pas nie.
- Christus se Kerk en Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, maar is uniek – 'n eienskap waaroor daar jaloers gewaak moet word. Juis daarom mag strukture en/of modelle uit die sekulêre wêreld nooit klakkeloos soos koekiedrukkers afgedruk word op veranderingsprosesse wat op Kerklike gebied onderneem word nie.
- Die Bybelse begronding van enige beoogde ekstrinsieke verandering sal die Kerk en sy gemeentes daartoe bring om weldeurdag te verander en dít immer met die gedagte dat God meer gehoorsaam gedien en Sy kinders meer doeltreffend bedien kan word.
- Verder sal die Bybelse begronding van voorgenome ekstrinsieke veranderings op Kerklike gebied meehelp om verdeeldheid in menslike opinies teë te werk. So kan meegewerk word dat die eenheid van die liggaam van Christus in stand gehou word.
- Bybelse ankers vir ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied sal verhoed dat daar na kitsoplossings of mensgemaakte formules gegryp word bloot om sulke veranderinge vinniger en makliker deur te stoomroller.

Bybelse begronding lê gevolglik aan die kern van die model wat hier ter fasilitering van ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied voorgehou word. Dit verteenwoordig ook die belangrikste instrument aan die hand waarvan lidmate voorberei en toegerus kan word om sulke veranderinge te aanvaar en te ondersteun.

8.4.3.3 Dit wat verander moet word

Die besluit om ’n ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied aan te bring, moet altyd voorafgegaan word deur ’n afdoende antwoord op die vraag of dít wat verander wil word, werklik noodsaaklik en Bybels begrond is. Só sal ’n ekstrinsieke verandering op dié gebied nooit aangebring word bloot om die lidmate tevrede te stel nie. Of aan die ander kant sal 'n ekstrinsieke verandering wat nodig is nie nagelaat word om lidmate bloot ter wille te wees nie.

Die moment as daar dan besluit word om ’n aspek binne die Kerk of gemeente te hersien, moet só ’n aspek duidelik geïdentifiseer word en moet dít waartoe daar ekstrinsiek verander gaan word, duidelik uitgestippel word. Dit moet dus uit die noodsaak tot en uit die Bybelse begronding vir die voorgestelde ekstrinsieke verandering blyk dat, sover dit God se Woord en Wil betref, daar nie op sy Woord teruggegaan word bloot omdat dít wat die Woord gebied, nie meer gemaklik op die mens se oor val nie. Ter illustrasie hiervan word die volgende voorbeelde van só ’n scenario voorgehou:

- In Suid-Afrika is op regeringsvlak besluit dat aborsies tot op ’n sekere tydstip van swangerskap op aanvraag uitgevoer mag word. Dit mag wees dat die Kerk daaroor 'n bepaalde standpunt het, maar die verandering noop die Kerk om die verandering te beoordeel. Dit moet dan in die lig van die Skrif gedoen word.
- Soos in die res van die wêreld word dit hier ter plaatse ook ál meer die norm dat jongmense wat nie in die huwelik belangstel nie of nog nie in 'n huwelik saamgebind is nie, saamwoon asof hulle reeds getroud is. Só word die seksuele, wat Bybels gesproke streng vir die huwelik uitgesonder is, misbruik om die mens se sug na sinlike genot te bevredig. Sou die Kerk dus voor die geweldige druk swig om ook dié oortreding van die Wet te kondoneer, sou dit weer eens daarop neerkom dat die Kerk sy standpunt oor iets heiligs en Bybel-begrond laat vaar bloot omdat die sekulêre samelewing dié sonde goedpraat.

Elke ekstrinsieke verandering wat dus op Kerklike gebied teweeggebring word, moet uiteindelik tot voordeel en stigting van die Kerk en/of sy gemeentes meewerk. Sou ’n gemeente byvoorbeeld

aan 'n demografiese verandering blootgestel word, mag dit nie tot die gemeente se ondergang lei nie, maar moet dit tot voordeel van die gemeente verdiskonteer word. Kerklike strukture wat egter deur mense geformuleer is en moontlik vir 'n bepaalde tyd of era sinvol en werkbaar was, maar uitgedien geraak het, sal weer sinvol hersien en verander kan word, aangesien dit nie aan die wese van die godsdiens lê nie.

Die kernvraag wat dus by elke ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied afdoende beantwoord moet word, is die volgende: Is dít waartoe ekstrinsiek verander gaan word, duidelik uitgestippel, as noodsaaklik uitgewys en Bybels begrond, en sal God en Christus daardeur beter gedien word?


### 8.4.4 Toerusting

In 8.3.2 is die kwessie oor wie vir ekstrinsieke verandering (ekstrinsieke verandering is die direkte fokus van die onderhawige studie, maar dit beteken nie dat genoemde persone nie verantwoordelik sou wees vir intrinsieke verandering waar nodig ook nie – PF) in die Kerk of gemeente verantwoordelik is, reeds aangespreek. Wat hier onder die loep geneem gaan word, is egter die vraag na **wie** met die oog op 'n ekstrinsieke verandering toegerus moet word. Met ander woorde: Wie moet toegerus word om 'n bepaalde ekstrinsieke verandering reg te kan hanteer? Die hoofdoel van die onderhawige studie is natuurlik om vas te stel of gemeentebou (of dan as onderdeel van gemeentebou – PF) as instrument gebruik sou kon word om lidmate (hier word sowel leiers as gewone lidmate bedoel – PF) dermate toe te rus dat hulle ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied reg kan hanteer. Dié vraag moet egter beskou word teen die agtergrond daarvan dat die definisie wat in die studie aanvaar is, die konsep van "gemeentebou" reeds as instrument tot **toerusting** aandui (Fanoy, 2002: 37).

Die idee sou maklik kon ontstaan dat slegs diégene wat weerstand teen of ongemak met ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied ervaar, bepaalde toerusting sou nodig hê. Met "toerusting" word hier dan ook spesifiek bedoel dat hul vrese oor die voorgenome

ekstrinsieke verandering en hul vrees vir die onbekende deur die gebruik van toerusting oorkom word. Vir die doel moet die regte woorde en metodes of tegnieke gevind word (Wheatey, 1999: 172). Daar sou egter gestel kon word dat élke lidmaat uiteindelik die een of ander vorm van toerusting gaan nodig hê om ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied reg te kan hanteer – 'n stelling wat ten beste aan die hand van illustrasie 8.1 (Niemandt, 2007: 58) op die volgende bladsy verduidelik kan word.

**Illustrasie 8.1: Mense se openheid vir verandering**




Soos uit bostaande illustrasie blyk, kan mense se reaksie op ekstrinsieke verandering in vyf breë kategorieë verdeel word, waarvan vier op hetsy korter óf langer termyn en met hetsy geen óf 'n mindere of meerdere mate van toerusting die ekstrinsieke verandering sal kan aanvaar en goed sal kan hanteer. Die lede van die vyfde groep, wat gewoonlik om en by 16% van die totale aantal mense uitmaak en die "agtergeblewenes" of "tradisioneles" genoem word, sal hulself egter

ondanks die beste toerusting steeds nié daartoe kan bring om die betrokke ekstrinsieke verandering te aanvaar nie, met die gevolg dat hulle nie alleen weerstandig sal raak en bly nie, maar ook nie in staat sal wees om die ekstrinsieke verandering goed te kan hanteer nie.

Vervolgens sal 'n voëlvlug oor die ander vier kategorieë onderneem word ten einde vas te stel watter prosesse en/of stappe vir elke kategorie in werking gestel en/of geneem sal moet word ten einde hul toerusting tot en voorbereiding vir ekstrinsieke verandering te vergemaklik.

- Die "innoveerders" – wat ook as die "dapperes" getipeer sou kon word – beskryf daardie uitgelese klein groepie ('n skrale 2,5%) mense wat ekstrinsieke verandering nie alleen aanmoedig nie, maar selfs inisieer. Wat met inisieer hier bedoel word is dat daar versoeke of pleidooie sal kom om bepaalde ekstrinsieke veranderinge aan te bring in 'n gemeente en dit kan om verskeie redes waarop hier nie ingegaan word nie, wees. En laat dit goed verstaan word dat onder diegene wat die ekstrinsieke verandering sal inisieer, sowel leiers as gewone lidmate sal wees. Hulle is immer gereed vir en blinkoog oor alles wat nuut, anders en opwindend is, met die gevolg dat hul toerusting nie noodwendig daarop gemik hoef te wees om hulle van die noodsaak van of van die Bybelse begronding vir 'n voorgenome ekstrinsieke verandering te oortuig nie. Hierdie groep se toerusting sal, ironies genoeg, eerder dáárom sentreer dat hulle moet insien dat die ander lidmate die voorgenome ekstrinsieke verandering nie almal ewe geredelik gaan omhels nie. Dié tipe toerusting sal hulle daarom help om diégene wat langer neem om ekstrinsieke verandering te verwerk, die sogenaamde "stadige ontwakers", met groter geduld te bejeën. Hulle sal ook daarin bygestaan moet word om te aanvaar dat net meer en meer en selfs goed bedoelde druk nie noodwendig gaan help om die onversetlikes te beweeg nie. Die lede van die innoveerders se groep sal gevolglik in wese tot groter verdraagsaamheid en geduld toegerus moet word.

- Die lede van die tweede kategorie, wat onder die sambreelterm "vroeë aanpassers" of die "eerbares" bekend staan en 13,5% van die totale aantal mense uitmaak, sal minder entoesiasties, minder inskiklik en minder impulsief oor ekstrinsieke verandering wees as die innoveerders, maar sal nietemin ook heel geredelik tot ekstrinsieke verandering instem. Hierdie groep se toerusting sal behels dat hulle aan die een kant in 'n mate van die noodsaak van en van die Bybelse begronding vir die voorgenome ekstrinsieke verandering oortuig sal moet word, en dat hulle aan die ander kant bygestaan sal moet word daarin om al die groepe ná hulle tegemoet te kom wat betref die pas waarmee hulle die voorgenome ekstrinsieke verandering gaan aanvaar of, in die geval van die agtergeblewenes, nié gaan aanvaar nie. Toerusting aan dié groep sal gevolglik om die assimilasie van inligting en lesse in groter verdraagsaamheid wentel.
- Die derde kategorie, genaamd die "vroeë meerderheid" of die "denkers", gaan veel meer serebraal en veel minder voortvarend as die innoveerders en die eerbares om met dié vooruitsig dat iets ekstrinsiek gaan verander. Dié groep beslaan gewoonlik 34% van enige groep mense wat 'n bepaalde ekstrinsieke verandering in die gesig staar. Hierdie groep se grootste uitdaging is om tot volle openheid vir die ekstrinsieke verandering te kom. Wat ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied betref, sal hierdie groep lidmate se toerusting inderdaad behels dat hulle as 'n eerste stap van die noodsaak van en van die Bybelse begronding vir die ekstrinsieke verandering oortuig word. Ten tweede sal hulle ook (hoewel in 'n mindere mate as vir die eerbares) toegerus moet word om geduld te hê met sowel die innoveerders aan die een ekstreem van die pendulum as die skeptici en die agtergeblewenes aan die ander.
- Wat die "laat meerderheid" of "skeptici" (die vierde kategorie) betref, sal die ganse weg na "toegerus wees" met Job se geduld gestap moet word. Anders as wat dié kategorie se benaming egter aandui, moet hierdie groep lidmate allermins as die groot meulsteen om ekstrinsieke verandering se nek beskou word, aangesien hulle 'n baie belangrike rol in die veranderingsproses te vervul het. Hulle

kan naamlik grootliks daartoe bydra dat dié dinge wat ekstrinsieke verander moet word en die kwessies wat vernuwing verg, juis danksy hul kritiek en ondersoekende vrae duidelik gedefinieer, helder en duidelik geformuleer en goed deurgetrap word. In plaas daarvan dat hulle dus as die struikelblokke in die veranderingsproses gebrandmerk word, moet hulle inderwaarheid as die beskermhere daarvan "aangestel" word. Dit sal Kerkleiers dus gerade wees om geen steen onaangeroer te laat om hierdie groep tot ekstrinsieke verandering toe te rus nie, aangesien hulle 'n groot meerderheid verteenwoordig en danksy hul omsigtige benadering groot waarde tot die proses kan toevoeg. Hul toerusting sal gevolglik ál die elemente van die voorgaande drie groepe se toerusting moet bevat, soos byvoorbeeld om van die noodsaak van en van die Bybelse begronding vir die ekstrinsieke verandering oortuig te word, asook 'n deeglike ondersoek na hul griewe oor en weerstand teen die voorgenome ekstrinsieke verandering.

Ongeag van hoe dit ook al met die toerustingsproses vorder, mag geeneen van gemelde kategorieë veroorsaak dat ekstrinsieke verandering op die lange baan geskuif word nie (vergelyk 4.5).

Toerusting het verder ten doel om weerstand teen ekstrinsieke verandering so laag moontlik te hou. Dié doelwit is grootliks bereik, soos in die empiriese studie uitgewys, met die ekstrinsieke veranderinge wat by die Gereformeerde Kerk Ontdekkers-gemeente ingevoer is. Weerstand teen ekstrinsieke verandering in dié gemeente het naamlik na 4.3% gedaal, vergeleke met die gemiddelde 16% (vergelyk 7.6.3). Daarby het toerusting ook as oogmerk om lidmate verdraagsaam teenoor mekaar te stem indien verskille oor voorgenome ekstrinsieke veranderings blootgelê sou word. Elke groep behoort in só 'n situasie egter in gedagte te hou wat die Here in Romeine 14:1-3 deur Paulus deurgee, naamlik dat gelowiges mekaar se standpunte moet respekteer en mekaar in liefde moet dra en verdra.

Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat ekstrinsieke verandering van lidmate verg om uit hul gemaksone te beweeg en die

onbekende aan te durf (vergelyk 4.5). Toerusting sal gevolglik daarop gemik moet wees om lidmate enersyds gereed te maak om nuwe horisonne te verken en hulle andersyds rustig te stem oor dié onbekende wat tegemoetgegaan moet word.

### 8.4.5 Deurlopende aksies in die veranderingsproses

Hierdie onderafdeling sal gewy word aan 'n bespreking van die wyse waarop die veranderingsproses ten beste aangepak kan word, wat die proses presies behels en watter kwessies by die implementering van elke ekstrinsieke verandering die nodige aandag moet kry. Daar sal vervolgens gekyk word na kontrole, na sinvolle kommunikasie en na die toets vir gemaklikheid, wat voor, tydens en na afloop van die veranderings-proses aangelê kan word om lidmate se weerstand teen die ekstrinsieke verandering te bepaal. Hoewel hierdie aspekte afsonderlik bespreek gaan word, moet dit nie in verskillende kompartemente afgehok word nie, maar as deurlopende, interafhanklike en onlosmaaklik verweefde aksies beskou word wat vanaf die aanvang tot by die voltrekking van die proses met die oog op lidmate se toerusting tot ekstrinsieke verandering uitgevoer moet word.

#### 8.4.5.1 Kontrole

Ongeag van hoe deeglik, volleerd of voorbereid iemand ook al mag wees, sy of haar werk móét aan kontrole onderworpe bly. Om te fouteer, is immers ons menslikste eienskap! Juis daarom is reformasie en transformasie in die Kerk nie onderhandelbaar nie en die gedagte is dat ekstrinsieke veranderinge reformatories behoort te wees. Enige model of program wat ten doel het om die veranderingsproses te fasiliteer, sal daarom die kwessie van kontrole móét aanspreek.

Daar is reeds uitgewys dat dít wat ekstrinsiek verander wil word, duidelik gedefinieer moet word, en dat dít waartoe verander wil word, ewe duidelik aangetoon moet word. Hierbenewens is dit belangrik om die noodsaak van die ekstrinsieke verandering te bepaal én of die verandering uit die Skrif begrond kan word al dan nie. Terwyl dié proses aan die gang is, moet dít wat ekstrinsiek verander wil word en dít waartoe verander wil word, as primêre doelwitte voor oë gehou word.

Hierdie doelgerigtheid ten spyt, is die veranderingsproses baie dikwels met struikelblokke, slaggate en vangplekke besaai, soos in hoofstuk 6 vermeld (vergelyk 6.2.5, waar die bestuur van die veranderingsproses te berde gebring is, asook 6.2.6, waar redes aangevoer is waarom die veranderingsproses soms gekompliseerd voorkom). Die rol wat kontrole of beheer in die bestuur en by die fasilitering van die veranderingsproses te vervul het, sal daarom kortliks weer hieronder bespreek word:

- Die eerste kontrolering sou behels dat die volgende vraag afdoende beantwoord word: Is alle lidmate wat deur die ekstrinsieke verandering geraak word, op die hoogte van en ingelig oor wat beoog word, en hoe ver is daar met die proses gevorder? Oningeligte lidmate is ongemaklike lidmate, wat slegs 'n hanetree ver van weerstandige lidmate af is.
- As tweede beheermaatreël moet daar deurentyd seker gemaak word dat die primêre doelwitte aan al die betrokkenes by die veranderingsproses goed bekend is en dat hulle deurentyd in die bereiking van dié doelwitte begelei word.
- Daar moet in die derde plek seker gemaak word dat almal wat vir die veranderingsproses verantwoordelik is, dieselfde en die regte gesindheid en houding ten opsigte van die voorgenome ekstrinsieke veranderinge het. Sou die *"intensions and behaviors"* (vergelyk 6.2.6.1) egter van die een tot die ander verskil, sou dit spanning skep en bes moontlik die proses ontspoor.
- 'n Vierde beheer- of kontroleringsmaatreël sou wees om teen die spreekwoordelike *"garbage can decision-making"* (vergelyk 6.2.6.3) te waak. Dit kom daarop neer dat die éintlike saak wat ekstrinsiek verander wil word, verduister en verswelg raak deur allerlei bysake wat ter tafel geneem word en só die aandag en energie opeis. In die ergste gevalle van *"garbage can decision-making"* kan dit selfs gebeur dat dít wat uiteindelik ekstrinsiek verander word, nie eens met die oorspronklike besluit strook nie.

- Streng kontrole sal in die vyfde instansie help voorkom dat spanning tussen die onderskeie belanghebbendes oplaai. 'n Goue reël om hier toe te pas, is om almal gedurig daaraan te herinner om hulle by die taak ophande te bepaal, en nooit die lidmaat ágter die idee, kritiek, vraag of weerstand te teiken nie.
- In die sesde en laaste plek sal streng beheer meehelp dat mense nie die veranderingsproses vir hul eie idees, private agendas, persoonlike vendettas of duistere bymotiewe kan kaap nie. Dit sal ook voorkom dat sekere "magsblokke" in die loop van die proses geskep word – iets wat oor die verwoestende potensiaal beskik om 'n kerk of gemeente aan stukke te skeur!

Dit blyk dus dat sinvolle en doelgerigte kontrole Kerkleiers in staat stel om enige weerstand te identifiseer en aan te spreek wat moontlik mag opbou teen dít wat ekstrinsiek verander wil word. Hierbenewens het kontrole ten doel dat gestelde doelwitte nagestreef word, dat dié doelwitte deurgaans aan Bybelse begronding voldoen en dat dit werklik in belang van die dienswerk van die Kerk tot eer van God en in belang van sy Koninkryk noodsaaklik geag word.

8.4.5.2 Kommunikasie

In hoofstuk 6 (vergelyk 6.2.5) is aangetoon dat waar organisasies ekstrinsieke verandering bespreek en inklusief onderneem het, met ander woorde, waar alle personeellede van alle posvlakke betrek en deurentyd op hoogte gehou is van vordering wat gemaak word, die ekstrinsieke verandering met groot sukses geïmplementeer en deurgevoer is. Hieruit is dit duidelik dat deurlopende en deeglike kommunikasie gedurende die veranderingsproses besliste voordele inhou. Dit maak dat lidmate, wat ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied betref, op die hoogte sal bly en deur die proses sal saamgroei, en nié eers nadat die een of ander kommissie, diensgroep of die kerkraad iets deurgewerk en besluit het nie. Laasgenoemde scenario kan groot weerstand teen en ongemak met die voorgenome ekstrinsieke verandering laat ontstaan.

Nóg 'n voordeel van deurlopende en deeglike kommunikasie is die feit dat lidmate hóór hoe die proses verloop en waarméé daar geworstel word, sodat hulle moontlik sélf sinvolle en waardevolle bydraes kan lewer om die proses aan te help en glad te laat verloop. Op dié wyse koop lidmate stelselmatig by die ekstrinsieke verandering in en voel hulle uiteindelik dat hulle aktief aan die proses meegedoen het.

Oop, eerlike kommunikasie voorkom dat die idee onder lidmate posvat dat daar iewers agter geslote deure deur 'n paar "uitverkorenes" besluit is wát en hóé dinge in hul kerk en gemeente gaan verander. Sou lidmate egter meen dat die besluit oor wat en hoe ekstrinsiek verander gaan word, eensydig geneem is, kan hulle sélf inligting daaroor inwin of sake uitwys wat miskien oor die hoof gesien is. In gevalle waar daar van gestelde doelwitte afgewyk word, kan dit dan onder die regte persone of diensgroepe se aandag gebring word.

8.4.5.3 Toets vir gemaklikheid

Hou met die onderafdeling in gedagte wat reeds vroeër rondom die saak gestel is, naamlik dat gemaklikheid van lidmate nie bepaal of met ekstrinsieke verandering wat noodsaaklik geword het, voortgegaan word of nie. Die gedagte is veel eerder dat as lidmate wel verstaan waarom en waartoe die verandering nodig is, hulle met oop gemoed verder saamwerk in belang van die koninkryk. Opstandige en ongemaklike lidmate kan maklik wegbreek en dit sou die eenheid van die liggaam van Christus wat deur gemeentebou gehandhaaf en versterk moet word (Hendriks, 1992: 5), net tot nadeel strek.

Al sou álles nagekom word wat tot dusver as onderdele en/of elemente van die model voorgehou is, mag daar steeds nie aanvaar word dat almal wat deur die ekstrinsieke verandering geraak word, dadelik daarmee gemaklik gaan wees of dit gaan aanvaar nie. Mense beleef dinge van tyd tot tyd verskillend, sodat hulle soms selfs 'n algehele ommeswaai oor 'n eens vaste oortuiging kan uitvoer. Dink hier aan wat Wheatey (1999: 172) dat onsekerheid en vrees vir verandering

mense eenvoudig daarvan kan laat wegvlug. Of Munroe (2009: 8) wat daarop wys dat sekere mense (wat lidmate van gemeentes insluit –PF) verandering vrees en ander wat dit eenvoudig net nie wil aanvaar nie. Om dié rede moet daar altyd vóór, tydens én na afloop van 'n veranderingsproses seker gemaak word dat almal steeds daarmee gemaklik is. Dit is veral nodig omdat daar, soos in 8.3.4 uitgewys, na alle waarskynlik áltyd mense sal wees wat teen 'n bepaalde ekstrinsieke verandering gekant is.

Indien ongemak wél aangedui word, mag dit nie geïgnoreer of weggepraat word nie, maar moet dit met die regte deernis en geduld hanteer word. Dit kom daarop neer dat verdere toerusting nodig sal wees, waarin onder meer die noodsaak van en die Bybelse begronding vir die ekstrinsieke verandering weer eens uit- en toegelig kan word.

Aspekte wat ongemak tot gevolg kan hê en aan die empiriese deel van hierdie studie getoets is, is soos volg:

- Dat Kerkleiers wat by die veranderingsproses betrokke is, moontlik die lidmate óf nie reg nie óf nie na behore begelei het nie en dat daar sodoende by hulle vrees ontstaan het oor wat moontlik vir hulle voorlê.
- Vrees vir die onbekende skep maklik ongemak of onrustigheid.
- Lidmate meen dat dít wat nou ekstrinsiek verander gaan word, voorheen goed gewerk het. 'n Ander scenario kan wees dat sake wat net ná die ekstrinsieke verandering aangebring is, dalk nie so vlot soos voorheen verloop nie, met die gevolg dat lidmate begin terughunker na die vorige *status quo.* Só hoor ons byvoorbeeld die versugting van die volk Israel na die vleispotte van Egipte wanneer dinge tydens hul trek na Kanaän nie na hul sin verloop nie (sien onder meer Eksodus 16:2-3 en Eksodus 17:3).
- Wanneer die persepsie by lidmate begin leef dat ekstrinsieke veranderinge wat aangebring is, eintlik net 'n verkwisting van tyd en geld was, kan gevoelens van ongemak of onrus in hulle ontketen word.

Hierdie en ander faktore mag onrus of ongemak by lidmate ontketen selfs lank nadat ekstrinsieke veranderinge in werking gestel is. Om dié rede behoort daar vir 'n tydperk ná die inwerkingstelling van 'n ekstrinsieke verandering steeds seker gemaak te word dat lidmate nie ongemaklik daaroor voel nie, selfs al is hulle vooraf vir die ekstrinsieke verandering toegerus en selfs al is die ekstrinsieke verandering baie deeglik uit die Skrif begrond. Die sleutel tot die suksesvolle ontplooiing van enige ekstrinsieke verandering blyk dus om één kwessie te wentel, naamlik geduld en nogmaals geduld.

## 8.5 Toerusting vir veranderinge op sekulêre gebied

Dit is sekerlik so dat nóg die Kerk nóg sy gemeentes seggenskap het oor ekstrinsieke veranderinge wat byvoorbeeld op politieke of ekonomiese gebied plaasvind. Trouens, dit kan selfs gebeur dat sulke ekstrinsieke veranderinge ná hewige teenkanting uit Kerklike kringe steeds deurgestoomroller word. Anders gestel: dit gebeur selde indien ooit dat 'n regering die moeite doen om sy burgers op die noodsaak van of op die Bybelse begronding vir 'n ekstrinsieke verandering te wys. Lidmate moet daarom ook in tye van ingrypende wêreldse wisselvalligheid vanuit die Bybel toegerus word om ekstrinsieke veranderinge op sekulêre gebied die hoof te bied en voortdurend aan hand van die Bybel te evalueer. Dit sou dus 'n ernstige fout wees om bloot te aanvaar dat mense al die woelinge in die wêreld buite die Kerk se mure ewe gelate kan aanvaar en hanteer.

## 8.6 Samevatting

Hierdie hoofstuk is gewy aan 'n sintese van die perspektiewe wat vanuit die basis- en metateorie en vanuit die empiriese studie verkry is. Daaruit het veral geblyk dat hoewel ekstrinsieke verandering 'n onomstootlike waarheid en onlosmaaklike deel van ons lewens uitmaak, nie alle mense, en daarom nie alle lidmate, ewe gemaklik met ekstrinsieke verandering omgaan nie. Om dié rede is 'n program/model saamgestel en voorgehou wat as deel van die gemeentebou-aksie by die toerusting van lidmate ingespan kan word, sodat hulle as toegeruste en voorbereide lidmate die ekstrinsieke veranderinge op veral die

Kerklike gebied beter kan hanteer. Gemelde model is ook gebruik om aan te toon wie vir hierdie reuse-taak verantwoordelik is en wát en waartoe ekstrinsiek verander moet word. Verder is verduidelik dat die noodsaak vir elke ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied aangetoon moet word, en dat elke sodanige verandering insgelyks Bybels begrond moet word. Verder is die kwessie van die deurlopende aksies van kontrole, kommunikasie en die toets vir lidmate se gemaklikheid ook aangespreek.

Hoofstuk 9 sal daaraan gewy word om finale gevolgtrekkings te maak, asook om die moontlike tekortkominge van die studie aan te dui en moontlikhede vir verdere studie in dié veld aan te toon.